

29 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 17:9-18 (OAV)

Fokusgedeelte: Johannes 17:16,18

Hou die Woord skerp

In Hebreërs 4:12 lees ons: "Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante..." Ons kan egter die swaard stomp maak en só ons roeping versaak. Dit gebeur wanneer ons die volgende woorde verkeerd interpreteer: "Ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie." Het jy al hierdie woorde uit die Bybel aangehaal en dan daarmee bedoel dat ons ons soveel moontlik van die wêreld moet afsonder? Solank ék maar Kerk gaan en my Bybel lees, is alles reg. Eendag, as Jesus kom, sal Hy alles herskep, maar intussen gaan die wêreld sy gang en ek myne. Ek kan tog nie die korrupsie en haat en goddeloosheid rondom my verander nie. Ek aanvaar maar dat daar so iets soos neutrale skole en ateïste is en ek moet maar so ver ek kan kompromieë aangaan, want ek is nou maar eenmaal in die wêreld.

Dit is nie wat ons Here Jesus gesê het nie. In sy gebed vir sy dissipels en sy kerk sê Hy: "Hulle is nie van die wêreld nie ... " Verder bid Hy: "Soos U My gestuur het in die wêreld het Ek ook hulle in die wêreld gestuur." Dus, al is ons nie van die wêreld nie, is ons steeds in die wêreld. Ons burgerskap is in die hemel, maar ons roeping is hier op aarde. Die wêreld is nie ons woning nie, maar wel ons werkplek.

Jou woorde en daade moet wys dat jy nie van die wêreld is nie. Terselfdertyd het jy die heerlikste boodskap in die wêreld vir die wêreld: Jesus Christus is die Verlosser van die sondes, Koning van die wêreld en Hy het die dood oorwin!

Is jy skaam vir jou hemelse burgerskap? Is jy bang om beginselstandpunte in te neem tot eer van God? Kom, wees 'n lig vir die wêreld en sout vir die aarde!

Sing: Psalm 115:1,9 Ds J Venter (Emeritus)